

## **Dinsdag 20 Januarie 2015 : Jesus leer ons bid**

### **Skriflesing**

Matt 6:5-9a

Jesus waarsku ons teen twee goed wat ons nie in gebed moet doen nie. Ons moet nie skynheilig wees nie en ons moet nie 'n stortvloed van woorde gebruik nie.

### **Ons moenie skynheilig wees nie.**

Ons bid nie om mense te beïndruk nie. Heidene gebruik baie woorde, omdat hulle dink dat hulle mense en God kan beïndruk. Hulle verbeel hulle dat hulle gebede verhoor sal word omdat hulle baie woorde gebruik. Ons kan nie God met 'n veelheid en gladheid van woorde oortuig nie.

### **Moenie 'n stortvloed van woorde gebruik nie.**

Baie van ons het ervaring van bidure wat doodgebid is met lang grootwoord-gebede en 'n opeenstapeling van mooi klinkende frases. Woorde soos: oues van dae, nie omdat ons dit verdien nie, maar enkel uit genade, is woorde wat opreg bedoel word, maar net in gebede gehoor word.

Eerbied beteken nie groter woorde of langer sinne nie. Dit is 'n hart, 'n lewe wat buig voor God. Dit is om oor alles met God te kan gesels.

### **Jesus leer vir ons: gebed is eenvoudig. Gebed is om lekker te kuier en te gesels met God.**

#### **Gaan na na jou binnekamer.**

In Markus 1:35 het ons gesien dat Jesus na eensame plekke gaan om daar te bid. In Lukas 5:16 het ons gelees dat Hy Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder het om daar te bid.

As ons alleen is, is daar geen gevaar dat ons ander gaan probeer beïndruk nie. Maak die deur van jou binnekamer, wat die wêreld uitsluit, toe en bid daar.

God kan ons stem nog te midde van die gedruis van die wêreld hoor, maar ons kan nie Sy stem hoor nie. Op my selfoon sukkel ek baiekeer om te hoor wat 'n persoon vir my wil sê as ek in 'n besige winkelsentrum of op 'n paviljoen is. Maar ek sukkel nie om te hoor in my studeerkamer nie. Die deur is toe, dit is stil, daarom hoor ek baie beter. Hier is God en ek bymekaar en kan ons met mekaar gesels soos op geen ander plek nie.

Ons soek God by groot byeenkomste, eredienste of in die natuur en vir seker is Hy daar. Maar ons gaan bly soek na God as ons Hom nog nie in ons binnekamer ontmoet het nie. Daar vind die mees intieme persoonlike ontmoetings met Hom plaas.

Slim ouens sê dat 80% van huweliksprobleme begin, omdat 'n man en vrou nie met mekaar praat nie. My stelling is dat 80 % van geloofsprobleme begin, omdat ek nie vir God kans gee om met my te praat en ek nie met God praat nie.

Maak die deur toe, maak jou telefoon stil, skakel jou rekenaar af en gee God tyd om met jou besig te wees. Neem tyd, vry van enige iets wat kan pla, om met God besig te wees. Hier kan ek my vertroulikste hartsake met God bespreek. In stiltetyd kan God en ek praat en luister.

#### **Ek kan myself wees en gesels met God.**

In my binnekamer is dit nie nodig om 'n masker op te sit nie. God weet in elk geval alles van jou en my. Hy weet waarvoor ons gaan dankie sê. Hy weet wat ons nodig het voordat ons dit vra. Hy wag dat ons in gebed liefde, dankbaarheid en afhanklikheid sal toon.

In gebed praat ons met God soos 'n kind met 'n Vader. Soms babbel ons opgewonde en ander kere, wanneer ons drooggemaak het, mompel ons skaam en kop onderstebo. In gebed maak ons ons lewens voor Hom oop, eerlik, vrymoedig en eerbiedig. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

**Hy sal hulle wat gelowig bid, laat deel in Sy oorwinnings.**

Oorwinnings in ons geestelike lewens kan teruggevoer word na ons binnekamer waar ons met God geworstel en Hy oorwinnings gegee het. Die teenoorgestelde is ongelukkig net so waar: 'n verwaarloosde binnekamer loop uit in 'n armoedige, kragtlose geloofslewe.

Bildad sê in Job 18:16 die volgende van die goddelose: ""Sy wortels sal van onder af verdroog en sy blare bo verlep."

As die, vir mense onsigbare, wortel van gebed in die binnekamer verdroog, verwelk die sigbare. Dan val ons geloofslewe uitmekaar en ons getuienis raak stil.

Waar begin regmaak van my eie lewe en samelewing? Daar waar ek die deur toemaak sodat God met my en ek met God kan gesels.

**Amen**